DR. JOHN DE VRIES, *Het Lied van Gods Schepping*. Nieuwe ontdekkingen en theorieën der natuurwetenschap, gezien in het licht van de Bijbel, 188 bls. Uitgewers: Wever, Franeker; 11/6, posvry 11/9.

Uit hierdie boek leer ons Dr. John de Vries, professor in Chemie aan die Calvin College te Grand Rapids (Michigan), ken as 'n ortodokse Calvinis, en tewens as 'n apologeet. Met vuur verdedig hy die Bybelfeite teen aanvalle van die ongelowige wetenskaplike en die warmte van sy diep Christelike oortuigings kan nie nalaat om waardering van die leser af te dwing nie.

Vir die teoloog egter is die boek nie bedoel nie. Verskillende uitlatings van die skrywer sal deur min godgeleerdes aanvaar word. As die geloof van 'n Christen in God vergelyk word met die „geloof" van 'n natuurgeleerde in sy postulate en die natuurwette, word 'n hinderlike fout begaan.

Vir die kritiese, intelligente leek kan die boek al ewemin bedoel wees. Dr. de Vries poog om aan te toon dat die ontdekkings van die wetenskap nie bots met die openbaringe van die Bybel nie. In Hoof-

stuk II met opskrif „Die ouderdom der mensheid" verduidelik hy dat volgens geskrifte en papyri wat nog uit die Oudheid bewaar gebly het, 'n ouderdom van meer as 10,000 jaar nie aan die bestaan van die mensheid toegeken kan word nie. Volgens die Bybel neem hy 'n ouderdom van waarskynlik nie meer as 9,000 jaar nie aan. Egter beweer hy dat groot hiate in die geslagslyste bestaan. Indien dit aanvaar word, waarom moet dan astronomiese berekenings wat die Sjinese geskiedenisperiode op 17,000 jaar stel, sonder bewyse op sy geskuif word? Iets meer van die willekeur van die skrywer kom ook in die volgende hoofstuk „Bestaat de aarde al twee milliard jaar?" te voorskyn. Etlike pogings om tot die ouderdom van die aarde te geraak, word sonder die nodige waardering van die hand gewys. Om bv. in die pragtige berekenings van Lord Kelvin oor afkoeling van die aarde oor „foute" en „plank misslaan" te praat, is pynlik vir die kenner van die betrokke werk; Kelvin sou die eerste gewees het om te erken dat ook sy resultate op sekere veronderstellings berus. Belangrike feite wat Kelvin nie kon voorsien het nie (warmteontwikkeling deur radioaktiewe stowwe) en wat ook nie deur Prof. de Vries genoem word nie, doen geen afbreuk aan die berekening nie. Dit is des te meer opvallend omdat Prof. de Vries tenslotte tog tot die gevolgtrekking kom dat hy die moderne skatting van twee milliard jaar moet aanvaar.

Omdat die boek nie vir die fisikus bedoel is nie, is tegniese foutjies wat hier en daar voorkom, soos in verband met Heisenberg se onnoukeurigheidsrelasie, van heeltemal ondergeskikte belang.

Daar is egter dikwels 'n tweeslagtigheid in die boek bespeurbaar wat die gestelde doel nadelig beïnvloed. Ons wil hier graag verwys na die paragraaf op bls. 92 en 93. Turretinus het in 1695 „bewys" op grond van die Bybel dat die aarde stilstaan — en dat die son beweeg, in teenstelling met Copernicus se leer. Hiervoor siteer hy verse soos Pred. 1:5, En die son gaan op en die son gaan onder; Ps. 119:90. 91, U het die aarde bevestig, en dit bly staan. Lakoniek antwoord Dr. de Vries dat hierdie letterlike opvatting van bepaalde skrifgedeeltes nie geregverdig is nie. Maar waarom dan wel in Matth. 24:29 waar staan dat die son verduister sal word en die maan nie meer sal skyn nie, oor uitnemende natuurkennis te praat omdat as die son verduister word, die maan (wat sonlig weerkaats) nie meer kan lig gee nie? En waarom, as die skrywer van Psalm 147 sê: „Hy gee sneeu soos wol", die psalmdigter 'n kennis van warmtegeleiding toe te skryf omdat sowel sneeu as wol slegte warmtegeleiers is?

Ons glo dat Prof. de Vries soms op die verkeerde spoor is, en sy eie aanhaling van Turretinus behoort hom reeds op sy hoede te stel. Geloof kom nie deur die wetenskap nie en net so min is die

Bybel bedoel as 'n natuurwetenskaplike verhandeling. Prof. de Vries is 'n in-gelowige mens, sy skryftrant is dikwels roerend en danksy die aard van sy studie is hy uitnemend in staat om op populêre wyse die leek in te lei in die wonders wat die wetenskap ons daagliks toon. Graag sal ons 'n nuwe uitgawe, wat hom hiertoe beperk, verwelkom. Want hoe dieper die Christen-natuurwetenskaplike die geheime van die natuur navors, hoe skoner klink vir hom die „Lied van Gods schepping".

W. F. BEEZHOLD.

Universiteit van Pretoria,

27 Junie 1950.